



Redaksioneel

Met dankbaarheid en ook 'n bietjie trots bied ons hierdie derde uitgawe van *In die Skriflig* van 2007 aan. Ons is dankbaar dat ons 'n goeie standhoudende stroom van bydraes ontvang en is trots op die gehalte van ons blad. Weereens 'n woord van dank aan ons redaksie en administratiewe personeel wat hard gewerk het om hierdie uitgawe die lig te laat sien. Ook ons dank aan die drukkers, V&R in Pretoria, vir die netjiese en presiese drukwerk. Ons plaas weer artikels wat 'n verskeidenheid temas uit die hele spektrum van die teologiese ensiklopedie dek. Op die gebied van die praktiese teologie lewer Yvonne Campbell-Lane, George Lotter en Ben de Klerk bydraes. Hulle hanteer onderskeidelik die betekenis van innerlike verandering in die *Corpus Paulinum* en die implikasies daarvan vir die pastorale berading en die liturgiese betekenis van die seën in die erediens. Ons is dankbaar dat ons op die vlak van die praktiese bediening bydraes kan lewer aangesien liturgiese belewenis en pastorale effektiwiteit tans hoog in aanvraag is.

Gert Steyn bespreek die probleme en uitdagings van 'n eerste vertalingspoging van die Septuagint in Afrikaans en D.F. O' Kennedy bespreek die metafoor van Jahwe as geneser in die profetiese boeke van die Ou Testament. Saam met die artikels van Fritz Krüger en Johann Joubert bied ons dus hiermee 'n stewige dosis vars navorsing op die gebied van die Bybelwetenskappe. Ons vertrou dat al hierdie artikels u as lesers tot nadenke sal stem en ook tot opbouwende verdere bydraes op hierdie gebiede sal lei. Ons plaas ook 'n artikel van Andries Raath, 'n regsgeleerde, oor die implikasies van Luther en Calvyn se standpunte oor die natuurreg vir fundamentele regte. Hierdie artikel is vir die etiek van mense-regte baie relevant en toon aan hoe teologiese navorsing ook deur die navorsing in ander dissiplines verryk kan word. In die etiek is die diskussie oor natuurreg, natuurlike sedebesef en die moontlike rol daarvan in die positivering van etiese beginsels en norme steeds aktief aan die gang – nie net ten opsigte van fundamentele regte nie, maar ook ten opsigte van bio-etiek en ander nuwere makro-etiese probleme. Hoe vaar die gereformeerde etiek tussen die uiterstes van die natuurreg, biblisme en Skrifkritiek? Daarom waardeer ons soveel te meer hierdie bydrae.

Onlangs het 'n Duitse teoloog, professor M. Welker van Heidelberg Universiteit in Duitsland, daarop gewys hoe interdisciplinêre navorsing tussen teologie en ander wetenskappe aldaar gelei het tot 'n nuwe waardering van die bydrae van gereformeerde teologie. Hy het dit veral gehad oor die saamstudie met die natuurwetenskappe oor die oorsprong van die heelal en daarop gewys dat die natuurwetenskaplikes al hoe meer geïnteresseerd is in die perspektiewe wat die skeppingsleer kan bied. Hier te lande word die noodsaak van saamdink tussen die etiek, die regs wetenskappe en die gesondheidswetenskappe al hoe meer besef en proefskrifte in hierdie velde word al hoe meer verryk deur die insette van hulppromotors uit die ander dissiplines. Dieselfde kan gesê word van Praktiese Teologie se interdisciplinêre raakvlakke met Psigologie. Die relevansie van goed gefundeerde, nugtere gereformeerde teologiese denke, sonder die uiterstes van fundamentalisme en Skrifkritiek, vir ander dissiplines moet nie onderskat word nie. Interdisciplinêre navorsing bied nuwe moontlikhede vir die gereformeerde teologie om 'n bydrae op die gebied van wetenskaplike ontwikkeling te maak. Dit lyk tog of die pendule uit die uiterste van anti-geloof, naakte sekularisme en teologiekritiek terugswaai na 'n meer gebalanseerde terrein waar die realiteit van geloofsvertrekpunte, godsdiensoortuigings en teologiese relevansie opnuut erken word. Dit pas die gereformeerde teologie, want die gereformeerde teologie in tradisioneel 'n Skrifteologie wat die hele lewe bestryk, insigte vir die samelewingsleer bied en 'n hanteerbare kosmologie aan die hand doen. Mag *In die Skriflig* ook in hierdie proses die koninkryk van God diensbaar wees.

Lekker lees!

J.M. Vorster

Redakteur: *In die Skriflig*